**Gr RRR-R**

**KERSVADER IS ‘N ALIEN**

**Deur: Theresa van Baalen**

Kersvader is ‘n alien,
ek is seker dit is so.
Sy spaceship is ‘n takbokslee
en hy zoem verby doer bo.

Want hoe anders is dit moontlik –
Hoe verklaar jy hierdie ding? –
Dat hy elke jaar vir elke kind
betýds presente bring!

**Gr RRR – R**

**SUPERHERO**

**Deur: Divene Swart**

My boetie is ‘n superhero!
Shhh, jy mag vir niemand sê.
Sy vuiste slaan ‘n seer hou,
en dit laat die boewe vinnig lê.
Hy dra ‘n bloedrooi pak
en spring af van ons dak.
Maar ma sê ek praat net twak!

**Gr RRR – R**

**ROOI LIPSTIFFIE**

**Deur: Divene Swart**

My mamma dra rooi lipstiffie,
en ek wil dit sooo graag dra.
Maar maak nie saak hoe mooi ek vra,
Sê mamma net: “Joú beurt, is eers oor twintig jaar!”

**Gr 1**

## DIE PRETPARK

**Deur: Anoniem**

Dit was vreesaanjaend!

Dit was vinniger as blits!

My lewe het voor my oë verbygeflits!

My kop draai nog steeds.

Ek het so byna my brekfis verloor!

Ek het so hard gegil, my keel is skoon seer.

Dit was FANTASTIES – kom ons gaan weer!

**Gr 1**

## BEETSLAAI

**Deur: Onbekend**

“Pa” sê Kosie. “Pappa”

“Bly stil kind, moenie my pla”

“Pa, hoor tog net, toe tog Pa”

“Kosie, moet ek jou hier uitja?”

Bietjie later vra Pa: “Wel,

wat wou jy my nou juis vertel?”

“Hy’s nou in Pa – opgeëet,

daardie wurm op Pa se beet!”

Gr 2

## JUFFROU KLARADYN

**Deur: Clarice**

Ek pas my ma se klere aan,
dan voel ek so vernaam!
Met lipstiffie en wangblos,
hoef ek my nooit te skaam.

My naam is Juffrou Klaradyn
en ek is 'n model.
Ek ry n rooi Ferrari
en praat graag op my sel.

Maar as my pappa huis toe kom
met soetgoed net vir my…
Is ek woeps-waps weer sewe,
Ou Klaradyn…wie's jy?

Gr 2

## KERSVADER

**Deur: Paul Botha**

"Bestaan Kersvader, Pappie?"
"Natuurlik, my poplappie!"

"Hy werk so hard, ja, jaar na jaar
om mooi presentjies op te gaar.

"Dan vlieg hy met sy slee
om dit vir kindertjies te gee."

"Maar nie vanjaar nie, Pappie!"
"Maar hoekom nie, poplappie?"

"Want sy rooi pak lê hier in die was
En sy baard is daar in Pa se kas!"

**Gr 3**

**VLOOI**

**Deur: Freek Struwig**

In my bed kry ek ‘n vlooi –
sy lyfie lank, sy pootjies rooi.
Hy byt en spring en laat my krap,
ek gryp, maar kry toe nog ‘n hap!

Goed gedink en plan gemaak…
my voorkop frons, my harsings kraak.
Toe gaan daar ‘n liggie op:
dít sal Vlooi se byte stop!

Kom gou hierso, Kietie Kat,
Vlooitjie moet ‘n taxi vat.
Op jou ruggie gaan hy ry –
dan is ék van Vlooi bevry!

So gesê is so gedaan,
hier kom my klein Kietsie aan.
Tel seblief vir Vlooitjie op,
dan sal my gejeuk gou stop.

Agge nee, ek word gestraf!
Hy laai vir Vlooi ‘n maatjie af!

**Gr 3**

**WAATLEMOENTYD**

**Deur: Esta Steyn**

Pa klop-klop-klop hom op sy dop:
Ja, hy klink lekker ryp!
Almal staan nader met monde wat water,
want pa se mes is klaar geslyp.

Skyf vir skyf uit sy grote lyf
vlek Pa hom uitmekaar.
Hy’s rooi soos bloed en suikersoet
met ‘n swart pit hier en daar.

Daar’s groot jolyt in die waatlemoentyd,
met die skille besmeer ons mekaar.
Ons gil en lawaai; ons hare raak taai!
Dis die waatlemoenfees van die jaar!

**Gr 4**

**SUPERHELD**

**Deur: Jaco Jacobs**

Jan van Staden, superheld.
Bloedrooi kleefpak, goudgeel belt.
Moeilikheid? ʼn Skurk of dief?
Skree net: "SuperSeun, help, asseblief!"

BOEM!
BAM!
SWIESJ!
KADOEF!

Kyk net waar trek daai boef!
Die skare juig: "HIEP, HIEP, HOERA!
Hy's ʼn superheld, o ja!
SuperSeun se ystervuis
het die skelms ʼn ding of twee gewys!
Hy is sterk en hy is dapper!
Kyk net hoe sy mantel wapper!"
Soos blits skiet hy deur die lug . . .
maar ʼn stem bring hom aarde toe terug . . .
"Jan van Staden, waar's jou kop?
Kyk op die bord en let nou op!"

**Gr 4**

**VUUR! VUUR!**

**Deur: Hennie Aucamp**

Sy naam is Veldbrand Woesteny
en hom moet jy tog vrees.
Waar hy was, wil niks weer groei nie,
en diertjies is nou wees.

Die slang, die skilpad, sonder ouers,
en selfs die ratsste bokkie,
die muis, die rot, die kewer,
en ook die klein toktokkie.

Speel tog nie met vuur nie,
Jy gaan 'n bynaam kry –
'n slegte naam, 'n vloeknaam
Soos Veldbrand Woesteny.

**Gr 5**

**DAAR'S NIE BROCCOLI OP MARS NIE**

**Deur: Jaco Jacobs**

Daar's nie broccoli op Mars nie.
ook nie wortels, kool of beet nie.
Op daardie rooi planet
het g'n kind dit nog geëet nie!

Op Mars het net mooi niemand
nog ooit skool toe gegaan nie.
Daar's geen kwaai onderwysers nie.
En huiswerk? Dit bestaan nie.

Op Mars is kinders nooit
al saans voor agtuur in die bed nie.
Daar's geen grootmens in sig nie.
net mooi niks bederf jou pret nie.

Muskiete, vlieë, kakkerlakke –
dit kom nie daar voor nie,
en Mars se rugbyspan
het nog nie een wedstryd verloor nie!

Ek wens ek het 'n ruinteskip,
want regtigwaar, ek weet nie
Wat op aarde doen ek nog
Op hierdie blou planeet nie!

**Gr 5**

**DIE ONGELUKKIGE HEN**

**Deur:**

Ons hen die broei op eende-eiers
Geduldig dag na dag,
en eindelik word haar werk bekroon,
waarop sy so lank al wag.

Met kop opsy beskou sy hul:
Ses bolletjies ferweel
Met bekkies lig en rooi van kleur,
en lyfies bruin en geel!

Sy neem hul op 'n wandeltog
daar by die dam se wal,
en dadelik spring die sessies in.
„O," skreeu sy, „ek word mal!"

En so gaan dit nog elke dag:
Besorg, beangs, benoud
Stap sy daar rond - „Ag wêreld tog,
die kleingoed is te stout!"

**Gr 6**

**DIERASIE-DIERETUIN**

**Deur: Helena Wasserman**

Daar is Danie die Draak,
wat groot lawaai kan maak.
Hy spoeg rooi vonke en vuur
en spring sommer oor die muur.

Hierdie vet monster heet Peet,
sy maag is groot en breed.
Kinderstjies, voëls en selfs jou beet
sal honger Peet kom opvreet.

Hier is die Koerkoederkodder,
hy lê stil en wag in die modder.
Hy is harig en sy oë is wit,
met moesies wat oral vassit.

Regs grom die Groot Gevaar,
ongeskik en sommer naar.
Sy vel is groen en grof,
hy's rof en onbeskof.

Maar voor die dag se laaste lig
is almal se hokke deeglik dig.
En voor jy nou begin te gaap
het hulle gelukkig al gaan slaap.

**GR 6**

**VALENTYNSDAG**

**Deur: Divene Swart**

Ag weet jy! My liewe genade!!
Bosse blomme, teddies en oorvloed sjokelade!
Dit is alweer daai tyd van die jaar.
Eerlikwaar, die hele affêre maak my sommer naar!

Cupid skiet aspris sy pyltjies rond…
gelukkig is ek rats en hardloop rond en bont
(gelukkig is ek rats en val plat op die grond.)
Glo my, ek moes net koes en keer.
Iemand moet daai outjie 'n goeie les gaan leer!

Hoekom elke Tannie, Sannie en Lettie,
so te kere gaan op hierdie simpel dag,
verstaan ék, vir die vet nie!
In my oë is die hele ou spul net laf!

Wat sê mamma? Daar's iets by die huis wat vir my wag.
'n Kaartjie, heerlike sjokelade en 'n teddiebeer so sag.
Alles in 'n mooi hartjie sak, net vir my, sowaar?
Ek sê jul mos… Valentynsdag, is die beste dag van die jaar!!

GR 7

## MOOI BLY MOOI

**Deur: Mariana Gerber**

Sophia het ‘n hoed gekoop,
dis pragtig en bloedrooi.
Sy voel goed as sy daarmee loop,
want dis vir haar so mooi!

Maar toe sy dit weer eendag vat,
toe kom die windjie op!
Dit waai die hoed af in die pad,
en sy kan dit glad nie stop!

Smous kom met sy donkiekar verby,
hy sien die hoed daar lê.
Hy kyk en dink: Hy moet dit kry,
Vaaldonkie moet dit hê!

Hy tel dit op en pas dit gou
op Vaaldonkietjie se kop!
So pragtig lyk sy donkie nou
met die rooi hoed op die top!

En oral waar Smous ook al gaan
om vars vrugte te verkoop,
daar bondel klompe kopers saam
om die donkie te sien loop.

Toe Sophia weer in die straat af ry,
wat op aarde sien sy daar?
‘n Donkie het sowaar haar hoed gekry!
Sy kan nie glo dis waar!

Maar die donkie lyk so deftig nou.
Sy dink: Dit pas hom regtig fraai!
Hy kan die rooi hoed gerus maar hou,
Ek koop ‘n ander hoed net om die draai!

GR 7

## LIEWENHEERSBESIE SE ROEM

**Deur: Louise Lachenicht**

Jy het die mooiste klere aan, ou maat,
met swart spikkels op jou rooie jas.
Waarheen is jy so haastig nou op pad?
Ek sien jy neem ook jou dokumentetas!

Is jy oppad na ‘n konferensie
om daar jou sê te sê?
O, jy’s die Minister van Omgewingsake
wat beslis jou eiertjie wil gaan lê.

Jy beweer jy’s die mooiste, rooiste insek
op die ganse grote aardbol.
Jy’s boonop vriend van die landbouboer,
want oor luise vreet, is jy sommer baie dol!

Jy wen jou saak, skilpadbesie! Hoera!
Jy’s geliefd en jy’s vernaam.
Ek nooi jou na ons blommetuin.
Liewenheersbesie, jy het grote faam!

Maar net vir ingeval jy dalk grootkop kry,
daar’s honderd skoenlappers mooier as jy!

**Gr 8 - 9**

## VALENTYNSDAG

**Deur: Verdoes**

Die kalender in die gang
het Valentynsdag aangemeld
Die bloemis se bloedrooi rose
het al klaar verwelk
rooi hartjie sjokelades
is besig om te smelt.
Winkeliere glimlag breed
vandag maak hulle geld.
Van die vergete tannies
is stilweg onsteld.

Maar vir jou my lief
klop my hart met geweld
lê my liefde wyd en geil
soos die somerveld!

**GR 8 - 9**

## KERSFEES

**Deur: Jonelle du Toit**

Stadig, stadig sluip ek in die gang af,
Ek is bietjie bang, maar dis seker laf.
Ek kan nie slaap en wil nou gaan kyk
hoe die Kersboom en presente lyk.

Die Kersboom se liggies is nog aan,
sien ek toe ek die sitkamer ingaan.
Ek stop in my spore en sien hom van agter,
op Oupa se stoel en langs hom lê Wagter.

Kersvader doop 'n koekie in die melkbeker.
Wagter blaf niks, hy kén Kersvader seker.
Ek kyk deur die venster vir die takbokke en slee.
Dis seker op die dak, dink ek en gee agteruit 'n tree.

Kadwa! val ek oor Ouma se mandjie breiwol,
en toe moet jy sien hoe ek kamer toe hol!
As Kersvader my in die nag daar sien,
besluit hy dalk dat ek nie 'n geskenk verdien.

Kersdag breek aan en ek is baie vroeg op.
Oupa sit weer op sy eie stoel sy pyp en stop.
Hy knipoog en sê: "Ek het 'n boodskap vir jou, boetie.
Kersvader vra hoekom het jy nie kom groet nie!"

**Gr 10-12**

**ROOI-ROOI HART**

**Deur: Anoniem**

Jy bly die hartseer in my sug
en die drome in die lug
jy breek saam met die branders
gloei saam met die sterre in die nag

Ek mis jou tussen
die donker en die son
want soms pak die skimme
my rooi-rooi hart beet

'n Oomblik van die donker daar buite
ek wonder of jy soms
…ek wonder,… ek weet …
ek wil jou nooit vergeet

**GR 10 - 12**

**KABOUTERLIEFDE**

**Deur: Ingrid Jonker**
**(Vir Simone)**

Die kabouter met die rooi-rooi pet
die kabouter met die geel hemp aan
het sy hart gistraand vir my gegee
en sy hemp is vir die maan

Die hoepelronde blou-blou lug
het kadoemps op die grond geval
hy't dit blink-blou in sy hand gerol
toe speel ons daarmee bal

Die sterre met hul wit ligte
het geknipoog toe ons lag
hul't rondom ons in 'n kring getrek
soos 'n laer in die nag

Die aandblom het sy trom-trompet
geblaas in die warrelwindkring
die kalkoentjies met hul rooi mondjies
het die sprinkaan-wals gesing

Die maan met sy geel lyfie
het gaan plat lê op sy rug
hy't gaan slaap by die gousblomme
met sy boepens in die lug

Die kabouter met die rooi-rooi hart
het dit self vir my gesê
hy't die aardbol oor sy kop gegooi
O dis hier waar die liefde lê

**Gr 10 – 12**

**VUURHERDDANSE**

**Deur: Louise Lachenicht**

Dis winter,'n gure wind swiep en dan reën dit.
Binne is dit snoesig waar ek by die kaggelvuur sit.

In die vlamme sien ek duisende dansende ballerinas raak
en 'n prins hou oor die Slapende Skone die waak.

Die danseresse arabesk in vrolike oranje en geel,
hulle pirouette terwyl ek die oomblikke met hul deel.

Dan is die vuurherd-arena met gloeiende warmte gevul.
Uit 'n smeulende stomp storm 'n pikswart bul.

'n Toreador spring ronde en waai sy bloedrooi serp.
Kole brand kraken den klap soos kastanjette skerp.

'n Spaanse danspaar tango swierig, die vuurvlam op,
señorita se rooi rok piets oor haar skoene wat klop.

En dan wals die dansers stadig soos die kole uitbrand
en *plié* statig met die uitloop van die uurglas se sand.